

Sondag 29 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 7:13-23

**Fokusgedeelte: Romeine 7:13-23;
Heidelbergse Kategismus 44:114**

Ons voorneme om hoe langer hoe meer volgens die Here se gebooie te lewe

Ons bely volgens die Skrif dat selfs die allerheiligstes maar nog 'n geringe begin van gehoorsaamheid het in hierdie lewe. Ons lees dit in die teksgedeelte, die geloofsworsteling van Paulus wat hom verlustig in die wet van God na die innerlike mens, maar in sy lede is daar 'n stryd teen die wet. Die oorblyfsels van die sonde wat veroorsaak dat hy baiemaal doen wat hy nie wil doen nie, en baiemaal nie doen nie wat hy moet doen (:15-23). Daar-om dat Paulus ook op 'n ander plek skrywe dat hy die “vernaamste van sondaars is” (1 Tim. 1:15), nie net “was” nie. Ons is gered van die vloek, straf en krag van die sonde (Rom. 6:1 – 7:6), maar in “hierdie” lewe nie van die teenwoordigheid en oorblyfsels van die sonde nie (Rom. 7:15-23).

Ons mag hierdie werklikheid egter nie misbruik om in die sonde te bly lê nie (Rom. 6:1, 2; 1 Kor. 6:10, 11), want ons bely ook dat ons 'n ernstige voorneme het om ons hele lewe lank nie net volgens sommige nie, maar al God se gebooie in dankbaarheid te lewe. Dit is waarvoor ons geroep en gered is in Jesus Christus deur die kragvolle werking van die Heilige Gees (Joh. 15:5; Ef. 1:4).

Sing: Psalm 19-1:4-7

Ds. Slabbert le Cornu (Carletonville)